



justchad_cga

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (43/15)

Justin Chadwick 13 November 2015

GESEGDE VAN DIE WEEK “Despite all our accomplishments we owe our existence to six inches of topsoil and the fact it rains” Anon

EUROPHYT OKTOBER VERSLAG

Die EU Europhyt verslag vir Oktober 2015 met betrekking tot CBS onderskeppings toon dat Argentinië 3 onderskeppings gehad het, Brasilië 7, Suid-Afrika 4 en Uruguay 49. Dit bring die 2015 totaal vir Argentinië op 17, Banglades 1, Brasilië 12, Suid-Afrika 15, Swaziland 2 en Uruguay 61. SHAFTE se syfers het aangedui dat Argentinië 170 000 ton na die EU in 2015 uitgevoer het (10 000 ton per onderskepping), Suid-Afrika 700 000 ton (47 000 ton per onderskepping) en Uruguay 55 000 ton (900 ton per onderskepping). SHAFTE het nie syfers vir Brasilië nie, maar in 2013 en 2014 was die gemiddelde uitvoere vanaf Brasilië na die EU 20 000 ton – as die 2015 Brasiliaanse uitvoere na die EU dieselfde as die gemiddelde was, sou dit op 1 200 ton per onderskepping dui.

DIE NUUTSTE OOR DIE REËN

Lente reëns in vroeë September is nou 'n mite en hittegolwe in Oktober voorspel 'n moeilike somer vir die produsente in die noordelike streke van Suid-Afrika, Swaziland en Zimbabwe. Suid-Afrika se droogte geteisterde noordelike Mpumalanga en Limpopo provinsies is as landbou rampgebiede verklaar, terwyl die suiker produserende provinsie van KwaZulu-Natal binnekort as 'n landbou rampgebied verklaar gaan word. Die provinsie is alreeds as sodanig vir algemene waterverbruik verklaar.

CGA se Streeks-Administrateurs in die noorde berig van temperature tussen 35 en 40°C en min reën in September en Oktober. In Hoedspruit is die Blyderivierspoort dam 73% vol; terwyl die Tzaneen dam die afgelope maand van 58 tot 50% gesak het. In Mpumalanga is die Kweni dam op 79% (Oktober 2014 83%; 2013 97%) terwyl produsente op 42% waterbeperkings is, die Driekoppies is op 74% (Oktober 2014 61%; 2013 74%) met waterbeperkings van 40%. In Swaziland is die Maguga dam op 59% (Oktober 2014 80%; 2013 88%) en Swaziland produsente met waterbeperkings van 40%. In Senwes is slegs 9 mm in Oktober aangeteken. In Pongola area is die situasie kritiek met die Bivane dam op slegs 19% (Oktober 2014 61%; 2013 74%). In KZN word in sommige dorpe reeds “water shedding” toegepas waar die munisipaliteit eenvoudig net die water gedurende die dag afsny, terwyl op die KZN Suidkus soutwater na die huishoudings gepomp word vanweë die rivier se swak vloei.

Die situasie in die Oos-Kaap is steeds goed met oorvloedige reëns wat aangeteken is – teen die einde van Oktober het die Sondagsriviervallei reeds hul jaarlikse langtermyn gemiddelde oortref. So ook het die Wes-Kaap op die oomblik nog voldoende water.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF TELEURGESTELD EN GEFRUSTREER DEUR DIE AGOA BESLUIT

Die sitrusbedryf is teleurgesteld dat die Amerikaanse regering 'n aanbeveling gemaak het om sekere handelsvoordele vir Suid-Afrika, onder die Wet op Groei en Ontwikkeling in Afrika (AGOA), op te skort. Wat hierdie besluit veral frustrerend maak, is dat sitrus 'n skitterende voorbeeld is van wat die Amerikaanse regering deur AGOA wou bereik: ware ontwikkeling met werkskepping en die vestiging van lewenskragtige landelike ekonomieë. Vir vars sitrusuitvoere na die VSA, sal die impak van die opskorting van voordele beteken dat Suid-Afrikaanse sitrus mededingendheid met sy mededingers sal verloor - veral Peru, Uruguay en Chili – almal met voorkeurhandelsooreenkomste.

Die CGA is vol vertroue dat die Suid-Afrikaanse regering, tesame met hul Amerikaanse regering eweknieë hard sal werk om die uitstaande kwessies rondom vleis invoere na Suid-Afrika aan te spreek.

'n Suksesvolle oplossing is die enigste uitkoms. Ons ekonomie kan doen sonder die negatiewe impak wat dit op ekonomiese groei sal hê – om nie eens die menslike ellende te noem van potensiële werkverliese nie.

VERGADERING MET DIEGENE WAT NA SUID-KOREA UITVOER

Dit is belangrik dat die pakhuis wat vir Suid-Korea geregistreer het 'n vergadering wat deur DAFF gereël word by die Tzaneen Country Lodge op 24 November 2015 om 09:30 bywoon. Tydens die afgelope paar seisoene het diegene wat vir Suid-Korea pak 'n toenemende hoeveelheid afkeurings gehad weens verkeerde merkvereistes op kartonne. Dit plaas 'n risiko op die program en DAFF is besig om strafmaatreëls in te stel vir pakhuis wat herhaaldelik hieraan skuldig is. Dit sal die belangrikste punt op die agenda wees – ander aspekte van die program sal egter ook bespreek word. Die vergadering is oop vir almal betrokke by die Suid-Koreaanse program en dit sal raadsaam vir almal wees om daar teenwoordig te wees.

GEPAK EN VERSKEEP

Dit is die laaste week wat hierdie tabel sal verskyn omdat die seisoen verby is. In die volgende nuusbriewe sal 'n oorsig van elk van die sitrus-sektore gegee word.

Tot einde Week 45 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB	2013	2014	2015	2014	2015	2015	2015	2014
Pomelo's	18.2 m	15.6 m	16.1 m	15.3 m	16 m	15.3 m	16.1 m	15.6 m
Sagte Sitrus	8.4 m	10 m	10 m	9.6 m	10 m	10 m	10 m	10 m
Suurlmoene	10.6 m	13.2 m	15 m	12.9 m	14.7 m	13.6 m	15 m	13.2 m
Nawels	25.4 m	26 m	24.5 m	26 m	24.5 m	25.1 m	24.5 m	26 m
Valencias	51.3 m	50.7 m	52.5 m	47.7 m	50.5 m	49.1 m	52.5 m	50.9 m
Totaal	113.9 m	115.5 m	118.1 m	111.5 m	115.7 m	113.1 m	118.1 m	115.7 m

Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVE BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY